Algemene praktyk: Ou bande verbrand of versool

Herwin van buitebande dalk verpligtend

As nuwe inisiatief bekragtig word, kan dit 800 werkgeleenthede in Wes-Kaap skep

JOHN SUTTER

KAAPSTAD. – Bykans 800 miljoen afval-buitebande lê gesaai oor die Wes-Kaap. Dié bande word meestal verbrand of versool, maar selde herwin.

Dié prentjie kan binnekort verander. 'n Regulasie van die departement van omgewingsake en toerisme gaan dit spoedig verpligtend maak vir vervaardigers van buitebande om die rubber te herwin.

"Ons is 'n Derdewêreldland, maar ons wil nie as 'n stortingsterrein beskou word nie," het mnr. Lucas Mahlangu, direkteur van afvalbestuur, gesê.

Wanneer dié inisiatief bekragtig word, sal dit 800 werkgeleenthede skep – iets waarop lank gewag is.

Die deklarasie sou bekragtig word op 'n beraad oor afvalbestuur meer as 'n maand gelede. Weens 'n botsende tydrooster kon die adjunkminister van omgewingsake en toerisme, me. Rejoice Mabudafhasi, dit nog nie onderteken nie.

Volgens Mahlangu, sal dié bekragtiging geskied kort ná Nasionale Omgewingsweek vandeesweek. Suid-Afrika vervaardig bykans 12 miljoen buitebande per jaar. Die algemene praktyk om dié bande te verbrand, is nadelig vir die omgewing. Buitebande bestaan uit butadien en stireen, wat kanker kan veroorsaak. Wanneer dit verbrand word, word dié sowel as ander nadelige chemikalieë in digte, swart rook vrygestel.

Die metaalraam wat oorbly, word spotgoedkoop verkoop of as afval versamel. Rubber word tans in slegs een fabriek in Suid-Afrika herwin, maar die regering kyk na kontrakte met nog maatskappye.

Die African Eagle-stigting takel sedert 2000 eiehandig die probleem van afval-buitebande.

Deur sy pogings is die oprigting van die Wes-Kaap se eerste herwinningsfabriek vir rubber onvermydelik, het dr. Anwar Khan, uitvoerende voorsitter, gesê. Dié fabriek sal by Malmesbury wees.

Wanneer rubber herwin word, kan dit óf verkrummel óf gesmelt word. Die smeltingsproses is deur die stigting gepatenteer wat dit eie aan Suid-Afrika maak.

Die gesmelte rubber kan in die bou van paaie gebruik word.

Die voorgestelde herwinningsfabriek word geskoei op die lees van modelle wat in lande soos Amerika, Duitsland en Frankryk gebruik word. Heelwat meer as Suid-Afrika se 12 miljoen buitebande per jaar word in dié lande verskaf. Dit laat Suid-Afrika met hoër koste.

Die buitebandvervaardiger sal die heffing vir die nuwe herwinningsvereiste moet dra, het Mahlangu gesê.

Die insameling van buitebande word behartig deur 'n konglomerasie van buitebandvervaardigers sonder winsbejag, bekend as die Suid-Afrikaanse Buiteband-herwinningsmaatskappy.

▸ jsutter@dieburger.com